TIMOL

HY HET BESKRYF WAAR HY AS KOMMUNIS OPGELEI IS

IN aantekeninge wat Ahmed Essop Timol geskryf het terwyl hy deur die Veiligheidspolisie aangehou was, het hy openlik erken dat hy 'n kommunis is en het hy 'n uiteensetting gegee van hoe die kommunistiese party in Suid-Afrika saamgestel is.



OP die foto kan gesien word hoe die „geheime skrif" op die rugkant van die brief lyk. Aan die regterkant is die gewone geselsbrief maar aan die linkerkant, in 'n rooi kleur, word daar aan Timol voorgestel dat hulle 'n ondergrondse koerant moet stig. 'n Koerant wat die probleme in die Indiër se lewe uitbeeld „and openly advocating a policy of resistance".



In die aantekeninge, wat 'n hele aantal velle beslaan, het Timol, wat op 27 Oktober verlede jaar gesterf het nadat hy uit 'n venster op die tiende verdieping van John Vorsterplein geval het, beskryf hoe en waar hy sy opleiding as kommunis ontvang het.

Hier volg 'n paar uittreksels uit die aantekeninge:

„Elke Suid-Afrikaner wat oorsee gaan is 'n moontlike rekruut van die African National Congress en die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty — ongeag sy ras of kleur."

Engeland

„Die pamflette is in Engeland gedruk en sover ek onthou, was die band wat gespeel het (tydens die ontploffings van die ‚emmerbomme') ook in Engeland gemaak," het Ahmed Timol in sy aantekeninge gesê.

Tydens die geregtelike ondersoek na die dood van Timol is daar een afskrif elk van die pamflette ingedien. Hulle is „Inkululeko-freedom", „Sons and daughters of Africa" en „The ANC says to Vorster and his gang".

Bo-aan die eerste pamflet, Inkululeko-freedom, die amptelike mondstuk van die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty — staan daar „A paper is a weapon".

Verder sê die pamflet: „The struggles of the last 50 years in which our party has played such a major role has brought nearer the time when white supremacy will be absolutely crushed and the Black man will be able to walk upright in the land."

Handgranaat

In „Sons and daughters of Africa" word die studente aangesê „to get ready for battle".

Aan die einde van „The ANC says to Vorster and his gang" verskyn daar instruksies om 'n „eenvoudige handgranaat" te maak.

Timol het verder in sy notas gesê: „Ek is R500 gegee deur Jack Hodgson voordat ek na Suid-Afrika gekom het. Ek moes die geld gebruik om afdrukmasjiene te koop. Ek het dit egter nie gedoen nie, want ek kon die skool se afrolmasjien gebruik vir die reproduksies van Inkululeko-freedom".

Op een plek in die aantekeninge het Timol ook gesê dat hy een keer pamflette deur die pos ontvang het. Dit is na sy pa se posbus by die Roodepoortse poskantoor gestuur.

Opleiding

Timol het verder gesê dat sy opleiding in 1970 onder Jack Hodgson begin het.

... aantekeninge lui: „Formula for Gunpowder".

In die verklaring het Timol ook 'n skets gemaak van hoe die Kommunisteparty inmekaar steek. Die diagram se opskrifte was „Headquarters situated in London".

Vier pyle het van die opskrif na vier name gewys — die name is Joe Slovo, Jack Hodgson, Josuf Dadoo en Stephanie Kemp.

Essop

Vanaf Hodgson se naam is nog 'n pyltjie in die rigting van 'n opskrif „Main Unit of three Members". Die naam Ahmed Timol verskyn bo twee pyltjies wat wys na Saleem Essop en Indres Moodley.

Onder Moodley se naam skryf Timol dat hy hom in Januarie 1971 ontmoet het toe hy hom 'n boek van Marx gegee het. Onder Essop se naam staan geskryf dat hy hom in Augustus 1971 gehelp het met die versending van die eerste klomp pamflette.

Timol skryf ook dat Essop nie geweet het dat die pamflette agter in die motor was toe hulle gevang is nie.

Daar was ook 'n gereelde briefwisseling tussen Timol en 'n Stephanie uit Engeland. Lt.-kol. W. P. van Wyk het in sy getuienis gesê dat Stephanie eintlik Rika Hodgson is — hulle het die handskrif herken.

Behandel

Aan die voorkant was die brief in die gewone geselstrant. Toe dit in kapt. C. J. Dirker se hande gekom het, was dit egter reeds behandel en kon hy die groot rooi drukskrif agter op die brief lees. Volgens kapt. Dirker behandel hulle dit met 'n chemiese stof.

Aan die agterkant van die briewe is daar, in kapt. Dirker se woorde, „heeltemal 'n ander boodskap." Dit het Timol opdrag gegee ten opsigte van sy politieke optrede en andersins in die Republiek.

In sekere van die dokumente was daar instruksies oor hoe die briewe behandel moet word sodat die geheime skrif kode op die agterkant daarvan kon uitkom.